**Die heerlikheid van die Here Jesus by 'n bruilof (OP207)**

**Joh 2:1-12**

**9 Februarie 2025**

Laasweek het ons stilgestaan by die roeping van die Here Jesus se eerste dissipels, kort nadat Hy deur Johannes die Doper aangewys is as die Lam van God. Ons het gesien nadat die Here Jesus met Sy openbare optrede begin het, het dit baie vinnig duidelik geword Hy is in beheer. In die roeping van die eerste dissipels het ons opgemerk hoedat die Here Jesus telkens die harte van die dissipels ondersoek het. Hulle interaksie met Hom het ook 'n groot invloed op hulle lewens gehad – telkens is hulle eenvoudig deur die Here Jesus oorweldig, en telkens kon ons sien hoe hulle bewondering van die Here Jesus duidelik geword in hulle woorde, asook in hulle dade. Ons het ook daarop gelet dat hulle deur die Here Jesus opgeroep is nie net tot geloof nie, maar ook tot groei in hulle geloof, deurdat hulle voortaan baie nou met Hom moes saamleef om van Hom te leer.

Vandag wil ek aanbeweeg na die optrede van die Here Jesus tydens die bruilof wat in Kana gehou is. Ek glo ons is almal redelik goed vertroud met die gebeure. In kort kom dit neer op die volgende: Daar was 'n bruilofsfees – destyds kon sulke bruilofsfeeste selfs solank as sewe dae lank duur. Tydens hierdie betrokke bruilofsfees het die wyn opgeraak gedurende die periode wat die fees geduur het. Maar, die Here Jesus was ook teenwoordig by die bruilof, en Hy het die krisis situasie aangespreek deurdat Hy water in wyn verander het – en hierdie nuwe wyn was buitengewoon goeie wyn – selfs die hoofkelner het dit opgemerk toe hy daarvan geproe het. Ons lees ook dat die dissipels dit alles gesien het, en hulle het in Hom geglo. Daar is meer detail, maar dit is in kort die gebeure.

Die vraag is natuurlik wat is die betekenis van die gebeure?

- Is die doel met hierdie gebeure om aan ons uit te wys dat die Here Jesus oor buitengewone en bonatuurlike vermoëns beskik, soveel so dat Hy selfs water in baie goeie wyn kan verander? Natuurlik is dit vir die Here Jesus moontlik om dit te kan doen – immers is Hy die Een deur wie God alles geskep het. Maar is dit die doel met hierdie gebeure hier aan die begin van die Here Jesus se openbare optrede?
- Is die doel dalk dat die Here deur hierdie gebeure aan ons wil leer dat die Here Jesus sentraal in elke huwelik teenwoordig moet wees vir so 'n huwelik om staande te kan bly? Of is die doel dalk om aan ons te leer die Here Jesus moet teenwoordig wees in elke huweliksbevestiging seremonie vir so 'n seremonie om geseënd te wees? Weereens is dit op 'n sekere vlak waar, maar is dit die doel met hierdie gebeure hier aan die begin van die Here Jesus se openbare optrede?

<u>Faktore wat in ag geneem moet word in die eksegese van die gebeure</u>

Om die betekenis van die gebeure verantwoordelik te interpreteer, is daar sekere faktore wat ons in ag moet neem. Kan ek na 4 faktore verwys:

- Ons sal in ag moet neem wat die doel van Johannes, en dus die Heilige Gees, was met die skryf van die Johannes-evangelie. Ons het 'n paar weke gelede daarna gekyk – in Joh 20:31 het Johannes geskryf sy doel is om sy lesers te oortuig dat die Here Jesus die Christus is, dat Hy die Seun van God is, en dat sy lesers die lewe kan ontvang as hulle in die Here Jesus sou glo. Ons kan nou aanvaar dat die gebeure by die bruilof in Kana moet op een of ander manier hierdie doel van Johannes ondersteun.
- Mark Johnston skryf dat daar in al vier die Evangelies in die Bybel in totaal 35 wonderwerke beskryf word wat die Here Jesus uitgevoer het gedurende Sy openbare optrede. Maar

Johannes het uit die 35 slegs 7 gekies wat hy in sy evangelie beskryf. Ons kan dus verwag dat hy deeglik besin het oor watter wonderwerke hy ingesluit het. Daar moet dus 'n belangrike bydrae wees ook van hierdie water-in-wyn wonderwerk wat ons moet probeer om raak te sien.

- In die geval van die ander wonderwerke wat Johannes wel beskryf, beskryf hy gewoonlik 'n gesprek wat na die wonderwerk plaasgevind het, en uit hierdie gesprek word dit duidelik waarom Johannes juis daardie wonderwerk ingesluit het. Maar dit is nie die geval met hierdie eerste wonder nie – ons sal die gebeure deeglik moet bestudeer om uit te vind wat Johannes wil kommunikeer.
- Tot dusver het ek telkens verwys na "wonderwerke". Dit is egter nie die term wat Johannes gebruik nie. Kyk na vers 11, Johannes verwys na hierdie sogenaamde "wonderwerk" as 'n teken (DAV en OAV, "wonderteken" in die NAV). Ja, wat hier gebeur het, is natuurlik wonderlik, dit is 'n wonderwerk. Maar Johannes wil hê ons moet verstaan dit is meer as net 'n wonderwerk – dit is 'n teken, m.a.w. dit is 'n teken waardeur ons iets moet leer. Tasker noem dit in sy kommentaar "a teaching miracle". Boonop sê vers 11 dit is 'n teken waardeur die Here Sy heerlikheid geopenbaar het, en die gevolg was Sy dissipels het in Hom geglo. Wel, onthou dit was onder andere juis die doel met die evangelie: sodat die lesers in Jesus moet glo. Die gevolg van hierdie teken was dat die dissipels in Jesus geglo het. Maar vers 11 sê ook dit was 'n teken om Jesus se heerlikheid te openbaar. Onthou wat ons in Joh 1:14 al gelees het: Die Woord het vlees geword, en ons het Sy heerlikheid aanskou – 'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – en hierdie heerlikheid is vol genade en waarheid. Ons moet dus die gevolgtrekking maak hierdie teken van water-in-wyn moet ons leer van die heerlikheid van die Here Jesus, en ook juis dat Sy heerlikheid vol genade en waarheid is.

<u>Bestudering van die teken van water-in-wyn</u>

Kom ons hou nou al hierdie opmerkings in gedagte, en dan werk ons sistematies deur die gedeelte.

**Verse 1-2:** Vers 1 begin met "op die derde dag". Dit beteken natuurlik dit was op die derde dag nadat Natanael geroep is as dissipel. Hierdie teken het dus binne die eerste week van die Here Jesus se openbare optrede plaasgevind. Ons lees daar was 'n bruilofsfees by Kana in Galilea. Kana was waarskynlik 'n relatief onbelangrike of onbeduidende dorpie, en die beste skattings is dat dit so ongeveer 15km noord van Nasaret geleë was. Ons lees net: daar was 'n bruilofsfees – ons het geen aanduiding wie se bruilofsfees dit was nie. Wat ons wel weet, is dat Maria, Jesus se ma, die Here Jesus self, en ook Sy dissipels teenwoordig was by die bruilofsfees. Die dissipels wat daar was, verwys waarskynlik na die 5 dissipels van wie se roeping ons laasweek geleer het. Dit kan wees dat dit 'n bruilof was van iemand wat verwant was aan die Here Jesus se familie – maar ons weet eenvoudig nie. Maar let tog op die volgende: Die Here Jesus is nou al deur Johannes beskryf as God self, as die Een deur wie God alles geskep het, Johannes die Doper het al na Hom verwys as die Lam van God, van die geroepe dissipels het Hom al beskryf as die Koning van Israel en die Seun van God. En tog, al is die Here Jesus so verhewe, woon Hy 'n bruilof by van 'n onbekende persoon in 'n relatief obskure dorpie Kana.

**Vers 3:** Hier lees ons dat die wyn opgeraak het gedurende die bruilofsfees. Natuurlik is dit 'n groot sosiale verleentheid, veral vir die bruidegom wie se verantwoordelikheid dit was om voldoende wyn te voorsien. Dit is toe dat Maria, die ma van die Here Jesus, aan Hom kom sê: "Hulle het nie meer wyn nie". Dit is moontlik dat Maria 'n verantwoordelikheid gehad rakende die reëlings van die bruilof, en dat sy daarom voel iets moet gedoen word om die krisis aan te spreek. Maar hoekom het

Maria na Jesus gekom, en dit vir Hom vertel? Het sy vooraf verwag dat die Here Jesus op 'n bonatuurlike wyse kan en sal ingryp om die krisis die hoof te bied? Wel, dit is nie so duidelik nie – immers sê vers 11 hierdie was die eerste van die Here Jesus se tekens – op grond waarvan sou Maria so 'n verwagting gehad het? Aan die ander kant, het Maria dan geen verwagting gehad dat die Here Jesus sou ingryp nie? Wel dit lyk ook onwaarskynlik, want in vers 5 sê sy vir die dienaars hulle moet doen wat ook al die Here Jesus vir hulle sê om te doen – dit lyk of sy wel optrede van die Here Jesus verwag het. Don Carson spekuleer en sê dit is heel waarskynlik so dat Josef, Maria se man, op hierdie stadium al oorlede was. Maria was dus 'n weduwee, en die Here Jesus was haar oudste seun, op wie sy nou as weduwee gesteun het om vir haar te sorg – en daarom gaan sê sy vir Hom die wyn is op, hopende dat Hy dit sal aanspreek op een of ander wyse – al is dit nie deur 'n wonderwerk nie.

**Vers 4:** Die Here Jesus se antwoord aan Maria was: "Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie". Hier is drie dele van hierdie antwoord waaroor ons in meer detail moet besin:

- <u>Vrou</u>: Volgens beide die DAV en OAV het die Here Jesus Maria aangespreek as "vrou". Die NAV het dit ongelukkig weggelaat. Die NIV vertaal dit met "Dear woman". Aan die een kant is dit so dat die term "vrou" van respek getuig. Maar aan die ander kant is dit nie die term wat 'n seun sou gebruik om sy liefdevolle ma mee aan te spreek nie. Die aanspreekvorm is respekvol, maar tog is dit ook of dit aandui dat daar afstand is tussen die Here Jesus en Maria. Hoekom het die Here Jesus juis hierdie aanspreekvorm gebruik? Let ook op, dit is dieselfde aanspreekvorm wat die Here Jesus later aan die kruis sou gebruik om Maria aan te spreek toe Hy vir haar gesê het: "Vrou, kyk, daar is u seun!" – dit was toe die Here Jesus vir Johannes aangewys het om hom oor Maria te ontferm na Sy dood (Joh 19:26). Ons sal nog verder hieroor moet dink.
- <u>Waarom pla u My?</u> Dit is hoe die DAV dit vertaal. Die NAV sê: "Wat het Ek met u te doen?" en die OAV sê: "Waarom sê u dit vir My?" Netsoos met die aanspreekvorm wat die indruk geskep het daar is afstand tussen Maria en die Here Jesus, so kry ons ook hier dieselfde indruk met hierdie vraag van die Here Jesus aan haar. Om hierdie uitdrukking beter te verstaan, is dit nuttig om na ander plekke in die Nuwe Testament te kyk waar dit voorkom. Ons kry hierdie selfde uitdrukking op verskeie plekke veral waar die Here Jesus demone uitgedryf het. Kyk byvoorbeeld na Mat 8:29 waar die demone uitgeroep het: "Los ons uit, Seun van God". Weereens kry ons die idee van afstand – die demone redeneer die Here Jesus moet hulle uitlos. Dit bevestig die indruk dat die Here Jesus ook wil aandui daar is afstand tussen Hom en Maria. Dit is asof die Here Jesus vir Maria vra: Wat het ons in gemeen? Hoekom pla u My? Wat het Ek met u te doen? Soortgelyk as Sy aanspreekvorm: "Vrou" – daar is afstand, dit is asof Jesus redeneer hulle twee is nie op dieselfde bladsy nie. Hoe moet ons dit verstaan? Don Carson sê die volgende: Onthou ons is hier aan die begin van Jesus se openbare optrede. Hier spreek Hy direk vir Maria aan. Ja, tot dusver was sy Sy ma wat 'n besondere verhouding met Hom gehad het – sy het Hom in die wêreld gebring, sy het Hom groot gemaak, sy het Hom geleer loop, sy het al daardie verantwoordelikhede van 'n tipiese ma gehad. Tot dusver kon sy op Sy hulp aanspraak maak as haar oudste Seun. Maar nou begin Sy openbare optrede. En Hy wil dit direk duidelik maak: Voortaan gaan dit anders wees. Voortaan gaan Hy nie steun op enige advies van enige mens nie, nie eers van Sy ma nie. Voortaan gaan Hy nie gemanipuleer word deur enige mens nie, nie eers Sy ma nie. Voortaan gaan Hy Hom slegs laat lei deur die wil van Sy Hemelse Vader. Maria moet verstaan dat sy nie 'n spesiale toegang tot die Here Jesus het wat sy na eie goeddunke kan gebruik vir haar persoonlike situasie nie. Nee, noudat Sy openbare optrede begin het, is dít Sy hoogste prioriteit. Dit beteken nie dat die Here Jesus Hom van Maria onttrek het nie – dink maar net aan Sy uitspraak aan die kruis waar Hy Hom steeds oor haar ontferm. Maar,

Hy sal voortaan spesifiek gefokus wees op die rol wat Hy van Sy Hemelse Vader ontvang het. Don Carson sê dit moes sekerlik swaar gewees het vir Maria, en hy sê ons moet opnuut waardering hê vir die manier waarop sy dit aanvaar het. Voortaan sal selfs Maria na Jesus toe moet kom as die Een wat ook haar Messias is – netsoos alle ander mense.

- <u>My uur het nog nie aangebreek nie</u>: Watter uur het die Here Jesus hier in gedagte gehad? Wel, die res van die Johannes-evangelie maak dit baie duidelik: Kyk na Joh 7:30 "Hulle wou Hom arresteer; tog het niemand 'n hand op Hom gelê nie, omdat Sy uur nog nie aangebreek het nie", of Joh 8:23 "Maar Jesus antwoord hulle: 'Die uur het gekom dat die Seun van die Mens verheerlik moet word'". Daar is nog verskeie soortgelyke gedeeltes wat dit ook duidelik maak: Die "uur" is 'n verwysing na Sy lyding, sterwe en ook verheerliking wat gaan kom. Maar, die boodskap aan Maria daar in Kana was: dit is nog nie nou nie. Ja, Sy openbare optrede het begin, ja, Hy gaan selfs nou iets indrukwekkend doen, maar dit is nog nie die uur van Sy lyding, sterwe en verheerliking nie.

**Vers 5:** En dan sê Maria aan die dienaars daar by die bruilofsmaal: "Doen wat Hy ook al vir julle sê". Sien jy wat hier gebeur? In vers 4 vra Maria vir Jesus Hy moet iets doen rakende die gebrek aan wyn krisis. Hier is dit Maria wat as ma met haar oudste seun, die Here Jesus, praat, hopende dat Hy 'n plan kan maak. In vers 5 is dit die Here Jesus wat aan Maria verduidelik noudat Sy openbare optrede begin het, is Hy met groter dinge besig. In hierdie dinge is Hy net getrou aan Sy Vader, en Hy gaan nou getrou aan Sy Vader optree – sy moet verstaan as dit by hierdie groter saak kom, het sy nie 'n spesiale voorreg om Hom te versoek om sekere dinge te doen nie, bloot omdat sy Sy ma is nie. En in vers 6 antwoord Maria aan die dienaars "Doen wat Hy ook al vir julle sê" – hier praat sy nie meer soseer as Jesus se ma nie, maar as 'n gelowige wat ook in afwagting is om te sien wat dit is wat Hy nou gaan doen. Ja, dit is so dat Hy reeds bekend gemaak het dat dit nie nou die uur is om die eintlike doel waarvoor Hy gekom het, te vervul nie – daardie punt kom later tydens Sy lyding en verheerliking, dit is dan wat Hy werklik Sy heerlikheid sal vertoon.

Maar tog toon Hy hier ook al iets van Sy heerlikheid – onthou vers 11: Hy het Sy heerlikheid hier in Kana geopenbaar. Wat is dit wat Hy nou gaan openbaar?

**Vers 6:** Ons lees daar het 6 klipkanne gestaan. En hierdie klipkanne was daar ooreenkomstig die reinigingsgebruike van die Jode. Die feit dat daar spesifiek gesê word dat die klipkanne daar was vir die reinigingsgebruike van die Jode, is baie belangrik om die betekenis van die gebeure behoorlik te verstaan. Waarna verwys die reinigingsgebruike? Lees Mark 7:3-4. Daar was 'n oorgelewerde gebruik van die Jode en die Fariseërs dat hulle nie geëet het voordat hulle nie hulle hande gewas het nie. Daar was ook allerlei gebruike waarvolgens bekers en kruike gewas moes word. Dit was vir hierdie doel dat die 6 klipkanne by die bruilofsfees was – sodat die gaste hierdie oorgelewerde reinigingsgebruike kon nakom. Maar ons moet waarskynlik meer as net hierdie handewas-reiniging hierin raaksien. Lees Joh 3:25. Ons moet raaksien dat die klipkanne 'n uitbeelding was van al die seremoniële reinigings waaraan die volk moes deelneem – wat alles afkomstig was vanaf die Sinaiverbond.

**Vers 7-10:** Hier lees ons nou van Jesus se optrede. Eers sê Hy vir die dienaars hulle moet al die klipkanne volmaak met water – wat hulle toe gedoen het: die klipkanne is vol gemaak <u>tot bo</u> toe. Daarna sê Jesus hulle moet nou van die water uit die klipkanne skep, en dit vir die hoofkelner gaan gee. Wat die dienaars toe gedoen het. Intussen het die water wyn geword. Toe die hoofkelner die wyn proe, was hy verbaas. Hy het nie geweet waar die wyn vandaan gekom het nie – net die dienaars wat die kanne moes volmaak en daaruit moes skep, het geweet. Die hoofkelner was verbaas omdat die wyn wat hy nou proe sulke goeie wyn was. Dit was so goed dat hy na die

bruidegom toe gaan en hom konfronteer omdat hy nie die goeie wyn van die begin af bedien het nie, maar gewag het daarmee totdat die wyn van swakker gehalte opgebruik is. Hy redeneer 'n mens behoort dit anders om te bedien.

Ek weet nie van julle nie, maar ek het nog altyd gedink dat al die water in die klipkanne in wyn verander het. Meeste kommentatore dink egter nie dat dit die geval was nie. Let op: Vers 7 sê hulle het die kanne vol water gemaak. Vers 8 sê hulle het daarvan uitgeskep – waarskynlik nog van die water. Dit is eers vers 9 wat sê die water het wyn geword – waarskynlik die water wat hulle uitgeskep het. Nou ek is nie oortuig dit is kardinaal belangrik om te verstaan of al die water in die kanne wyn geword het, en of net die water wyn geword het soos hulle dit uitgeskep het nie – meeste kommentatore reken dit is laasgenoemde.

Kom ons besin nou oor die betekenis van hierdie handeling van die Here Jesus.

Ons weet uit vers 11 die handeling openbaar iets van die heerlikheid van die Here Jesus. Maar ons weet ook dat wat hier plaasvind is nie die volle openbaring van die heerlikheid van die Here Jesus nie – dit sou eers later kom wanneer Sy uur wel sou aanbreek, dit is dus met Sy lyding en verheerliking daarna. Maar daardie uur is nog nie nou nie. Ons het hier 'n teken – en die teken moet wys na daardie heerlikheid, maar dit is nog nie heerlikheid nie.

Ons het ook gesê die klipkanne verteenwoordig die reinigingsgebruike – soos deur die Jode en die Fariseërs oorgelewer, maar ook al die ander reinigingsgebruike wat deel was van die Sinaiverbond. Jesus beveel die dienaars hulle moet die klipkanne volmaak – want sien daardie ou verbond reinigingsgebruike is op die punt om uitgedien te wees – die tyd waartydens hulle nuttig was, is so te sê vol. Hulle is op die punt om vervang word met iets anders. Waarmee hulle vervang word is met wyn – die water van die reinigingsgebruike gaan oor in wyn – nie sommer enige wyn nie – nee, dit gaan oor in goeie wyn.

Kom ons probeer dit verstaan. Kom ons gaan terug na twee Ou Testamentiese profesieë:

- Jes 25:6-8 – In hierdie verse lees ons van die komende verlossing wat die Here beloof. Al die volke op die aarde sal deel aan hierdie verlossing. Die verlossing sal gepaardgaan met die einde van die dood en ook die einde van alle trane. Maar let op hoe vers 6 die verlossing beskryf: Dit is 'n feesmaal waarvoor ryk geregte voorberei is, 'n feesmaal met beleë wyn, met ryk geregte vol murg, met gesuiwerde, beleë wyn. Ons kan dit nie nou in detail oordink nie, maar ek dink dit is duidelik: hierdie profesie kyk vooruit na die voltooiing van die Here se verlossing wanneer al die volke aan die feesmaal sal aansit – dit kyk dus vooruit na die bruilofsmaal van die Lam, en daar gaan onder andere beleë wyn wees.
- Jer 31:12 – hier handel dit ook oor die komende verlossing, en weereens is daar vreugde onder andere oor die goedheid van die Here, oor die koring, nuwe wyn en olie.

Sien jy die punt? Die water in die klipkanne gaan oor in wyn. Die gebrekkige reinigingsgebruike van die ou verbond gaan oor in goeie en beleë wyn. Die klipkanne met water verteenwoordig die ou verbond. Die wyn verteenwoordig die nuwe verbond wat op die punt is om aan te breek. Ja, hierdie wyn op die bruilofsfees in Kana is nog nie die nuwe verbond nie – want die Here Jesus se uur het nog nie aangebreek nie. Maar Hy wys al iets van die groot ontwikkeling wat binnekort gaan gebeur. Wat die water in die klipkanne nie kon bewerk nie, die werklike reiniging van sondeskuld, dit gaan die wyn wel bewerk – dit gaan werklike effektiewe reiniging van sondeskuld bewerk, en dit gaan eindig in daardie groot fees waar daar baie ryk geregte gaan wees en oorvloed beleë wyn.

Let ook op: dit was juis op ‘n bruilofsfees wat die Here Jesus die water in wyn verander het. Hoekom? Lees Joh 3:29. Dit is Johannes die Doper wat hier aan die woord is, en hy is weereens baie duidelik daaroor hy is maar net die vriend van die bruidegom – die Here Jesus is die Bruidegom. Sien jy die punt? Op die bruilof in Kana was daar ‘n fees – maar dit was ‘n gebrekkige fees want die bruidegom het nie behoorlik voorsiening gemaak nie – die wyn het opgeraak. Maria is bekommerd oor die verleentheid wat dit vir bruidegom tot gevolg gaan hê, en sy vra Jesus moet help. Die Here Jesus help – Hy verander water in wyn – en dit word ‘n teken van die ware bruilofsmaal van die Lam, waar die Here Jesus self die Bruidegom gaan wees – en daar gaan geen gebrek wees nie – by daardie bruilofsfees gaan daar voldoende goeie beleë wyn wees.

Hoekom hierdie klem op wyn? Want die Here Jesus wil dit later gebruik. Nie te lank na hierdie gebeurtenis nie, het die Here Jesus die nagmaal ingestel. En onthou nou: Die nagmaal is juis as ‘n herinneringsmaaltyd ingestel om gelowiges aan Sy lyding en verheerliking te herinner, maar ook juis as ‘n herinneringsmaaltyd om hulle te herinner aan die komende bruilofsmaal van die Lam. En een van die tekens in die nagmaal is juis wyn. Onthou hoe Luk 22:20 na die beker met die wyn verwys: “Hierdie beker, wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur My bloed”. Die bloed van die Here Jesus wat gevloei het ter wille van die gelowiges, word in die nagmaal uitgebeeld met die wyn – en die wyn is ‘n teken van die nuwe verbond. Dus: In Kana is daar klipkanne met water – dit verteenwoordig die ou verbond, wat nie werklik verlossing kon bewerk nie. Maar die Here Jesus gebruik dit tesame met die gebrek aan wyn, om vooruit te wys na die koms van die nuwe verbond. By Kana verander die Here Jesus die water in wyn – die wyn verteenwoordig die nuwe verbond. Wat die Here Jesus demonstreer is die ou verbond is op die punt om oor te gaan in die nuwe verbond. Die ou verbond was nie werklik effektief om reiniging van sondeskuld te bewerk nie, maar dit sal binnekort oorgaan in die nuwe verbond waar daar wel effektiewe reiniging sal wees – deur die bloed van die Here Jesus, wat juis afgebeeld word met die wyn. Daarom verander die Here Jesus die water in wyn. Let op: dit is die Here Jesus wat die water in wyn laat verander – dit is die Here Jesus wat die ou verbond laat oorgaan in die nuwe verbond. Dit is die Here Jesus wat die vervulling is van al daardie skadu’s in die ou verbond. Hy vervul dit deur Sy lyding en verheerliking. Hy vervul dit deur die stort van Sy bloed – wat juis afgebeeld word in die wyn.

Let verder op: die water verander in wyn, die water gaan oor in wyn – die ou verbond gaan oor in die nuwe verbond, die nuwe verbond vloei voort uit die ou verbond. Die nuwe verbond is nie onafhanklik van die ou verbond nie. Die nuwe verbond spruit voort uit die ou verbond, dit is die vervulling van die ou verbond. Daarom maak die Here Jesus nie maar net wyn in Kana nie. Nee, Hy verander die water van die ou verbond reinigingsgebruike in wyn wat heen wys na Sy bloed wat gevloei het, wat ‘n teken is van die nuwe verbond. En dit kyk alles vooruit na die bruilofsmaal van die Lam, waar die Lam van God, dit is die Here Jesus, die Bruidegom sal wees – en waar die wyn nie sal opraak nie. Sien jy dit? Met ‘n eenvoudige teken in Kana het die Here Jesus iets van Sy heerlikheid getoon. Sien jy hoe hierdie teken Johannes se doel met die Johannes-evangelie ondersteun: Jesus is die Christus – Hy is die Gesalfde Hoëpriester, Sy gestorte bloed is in die wyn afgeteken. Glo in Hom, en jy sal lewe – jy sal deel hê aan die bruilofsmaal van die Lam met daardie heerlike beleë wyn.

Let ook op: Ons lees die dissipels het die heerlikheid van die Here Jesus gesien en geglo (v11). Maar hulle was nie die enigstes wat gesien het wat hier gebeur het nie. Ja, dit is so, die hoofkelner het nie geweet waar die wyn vandaan gekom het nie. Maar die dienaars wat die kanne vol water moes maak, daaruit moes skep, en dit vir die hoofkelner moes gaan gee – hulle het geweet wat hier gebeur het. Ons lees egter net dat die dissipels die heerlikheid van Jesus gesien en geglo het. Ons lees nie dat die dienaars dieselfde gedoen het nie. Dit is steeds die geval: Baie mense word met die Here Jesus gekonfronteer. Baie mense word met die heerlikheid van die Here Jesus gekonfronteer –

baie mense het oor die loop van die eeue al gehoor van die gebeure destyds in Kana – waar die heerlikheid van die Here Jesus geopenbaar is, al was dit net in 'n beperkte mate. Maar nie almal erken die Here Jesus se heerlikheid nie. Jy sien, dit is nodig dat die Here Jesus iemand moet oorweldig, soos ons laasweek gesien het, voordat hy die heerlikheid kan raaksien.

Afsluiting

Kan ek jou herinner aan 2 Kor 5:17 – "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan, kyk hulle het nuut geword". Paulus skryf 'n Christen is 'n nuwe skepping – die ou dinge het verbygegaan en die nuwe dinge het gekom. In die gebeure by die bruilof in Kana lees ons van een so 'n oorgang van die oue na die nuwe: die ou verbond is op die punt om oor te gaan in die nuwe verbond – en dit bring vir die Christen die sekuriteit van ware verlossing, die sekuriteit om wel aan die bruilofsmaal te mag gaan aansit, saam met die Here Jesus as die Bruidegom – 'n feesmaal met baie ryk geregte en goeie beleë wyn in oorvloed. Die Here Jesus sal daarvoor sorg.

In die loop van die volgende paar hoofstukke het Johannes verskeie insidente uitgekies en beskryf waarmee hy ons wil konfronteer met 'n verskeidenheid van oorgange wat die Here Jesus gaan bewerk. Ek hoop om dit in die loop van die volgende paar weke te bespreek.

Ek wil jou aanmoedig verlustig jou in die ware Bruidegom en sien Sy heerlikheid raak. Glo in Hom.